

9 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 24:45-51 (vgl. Luk. 12:41-48)

Fokusgedeelte: Matteus 24:48b (vgl. Luk. 12:45a)

Hemelvaart AD 2013

Bogenoemde Skrifgedeelte vorm deel van Christus se profetiese rede (Matt. 24-25), spesifiek van die gelykenisse waarin waaksaamheid met die oog op die wederkoms van die Seun die punt van vergelyking is. Die onbekendheid van die *wanneer* van die wederkoms is die gemeenskaplike wat deur dié drie gelykenisse loop (Matt. 24:36-44; 45-51; 25:1-13).

In dié besondere gelykenis is die draal van die wederkoms aan die orde. Dit trek saam in die woorde: “My heer talm om te kom” (Matt. 24:48b). By die hemelvaart van Christus word die Nuwe-Testamentiese kerk-in-kiem verseker dat Hy weer sal kom (Hand. 1:11; vgl. ook in Joh.14:3 Jesus se uitspraak in sy afskeidsgesprek met sy dissipels dat Hy weer sal kom as Hy plek in die hemel berei het). Maar wanneer sal Hy kom?

Hierdie vraag word deur die eeue heen gevra. Sommige is wolkekykers wat die wederkoms wil naderkyk en dan nie verder in die hier en die nou lewe nie. Hulle voorspel ’n bepaalde datum vir die wederkoms en kom tot dusver telkens bedroë daarvan af. Ander twyfel weer inherent of daar enigsins ’n wederkoms sal plaasvind – soos die slegte slaaf van die gelykenis wat dan maak en breek en die lewe by wyse van spreke te lyf gaan, want die talm-en-toef lewer niks op nie.

Beide hierdie groepe mis egter die punt van vergelyking in die gelykenis. Wat Jesus deur middel van hierdie gelykenis bekendmaak van sy wederkoms (wat Hyself nie weet wanneer dit sal wees nie – kyk Matt. 24:36; vgl. ook Hand. 1:7), is nie in die eerste plek *wanneer* Hy weer kom nie, maar *dat* Hy weer kom. En dat die versekering dat Hy weer sal kom, waaksaamheid – te alle tye – impliseer. Die treffende is dat die waaksaamheid werksaamheid in die hand werk. Die getroue en verstandige slaaf verteenwoordig in die tafereel wat Jesus skilder hierdie gesigspunt.

Mag u vandag werk en waak, wetende dat gelowiges leef in die môreskemering van God se nuwe dag wanneer ons Here weer kom. Daar is geen beter manier om daarna uit te sien nie as om wakend en doelgerig te bly werk, diensbaar in die koms van die koninkryk.

Sing: Skrifberyming 1-1:7; Skrifberyming 7-2:2, 2

Ds. JP Bingle (Emeritus)